**God se effektiewe verlossingsplan**

**Heb 10:1-18**

**11 September 2022**

1. Oorsig:
    a. Heb 8:1-13 – Jesus is Middelaar van 'n beter verbond op uitnemender beloftes
    b. Heb 9:1-14 – Jesus is die ware Hoëpriester, bewerk toegang tot ware Allerheiligste
    c. Heb 9:15-28 – Jesus het volmaakte offer gebring
    d. Heb 10:1-18 – samevatting, afsluiting van die leerstellige gedeelte van Hebreërs
2. Vers 1:
    a. Wet van Moses = Sinaiverbond, skadubeeld van weldade in nuwe verbond
    b. Herhalende offers in ou verbond kon nooit tot volmaaktheid lei nie
3. Vers 2:
    a. Herhaling van offers wys hulle was oneffektief – reinig nie werklik nie, maak nie die bewussyn skoon nie
4. Vers 3-4: Wat was dan die doel met die offerdiens?
    a. Moes herinner aan sondes, aan skuldgevoel, voortdurende nuwe sondes, oneffektiwiteit van diereoffers, aan noodsaak vir effektiewe Verlosser
    b. Vergelyk Gal 3:17-25 – doel van Sinaiverbond was nooit om deur wetsonderhouding deel te kry aan God se beloftes nie, was tugmeester totdat die Nakomeling sou kom
5. Verse 5-7: Aanhaling uit Ps 40:7-9
    a. "die liggaam wat U vir My berei het" – aanhaling uit Septuagint. "Ore wat U vir My gegrawe het", verwys na God wat gehoorsaamheid verwag. Jesus se gehoorsaamheid as mens begin toe Hy menslike liggaam ontvang het
    b. Christus het met menswording God se wil kom doen
    c. Boekrol: God se raadsplan, ook God se Woord (Ou Testament) – vgl Op 5 en 10
    d. Omdat Hy mens was, kan hy vir mense effektiewe offer bring (anders as diereoffers)
6. Verse 8-10: Oneffektiewe offers is afgeskaf
7. Verse 11-14:
    a. Vergelyk Ou Testamentiese priesters met Christus (baie priesters vs een Christus, offers elke dag vs een offer, staan dag vir dag vs gaan sit vir altyd, kon nooit sondes wegneem nie vs een offer maak vir altyd volkome vry)
    b. Christus wag totdat vyande onderwerp is (wag impliseer sekerheid – oorwinning is reeds behaal, wag tot alle gelowiges ingekom het)
    c. Sy een offer het die wat geheilig word vir altyd volmaak gemaak (v14 OAV)
8. Verse 15-18:
    a. "dit" = Sy een offer het die wat geheilig word vir altyd volmaak gemaak
    b. Heilige Gees het deur Jeremia getuig (vgl Heb 8:8-12, Jer 31:33-34)
    c. Twee van nuwe verbond beloftes word aangehaal:
        i. Christus se offer kan sondes wegneem – spreek sondeskuld aan
        ii. Skryf wette in verstand en op hart – spreek sondesmet aan
9. Toepassing:
    a. Offers van ou verbond was herinnering: aan sondeskuld, voortdurend sondig, oneffektiewe offers, om vooruit te kyk na Middelaar van nuwe verbond
    b. Nagmaal is in nuwe verbond ons herinnering (1 Kor 11:23-25)
        i. Herinner aan: sondeskuld, Christus se effektiewe offer, sal volmaak word